Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

26 April 2024 Uitgawe: 4/2/2024

## UIT DIE KANTOOR

Die afgelope week was weer lekker besig met al die sport- en kultuuraktiwiteite wat plaasgevind het. Daar word ook hard voorberei vir die kunswedstryd wat vanaf 6 Mei plaasvind.

Baie dankie aan die ouers wat die disleksiepraatjie op Dinsdagaand bygewoon het. Ek vertrou dat dit ook vir u baie leersaam was.

Eerskomende naweek neem Tjokkies aan die tweede been van die Wesgrow-kompetisie deel. Hierdie rondte verskuif ons aandag na Kroonstad waar ons teen Trio Primêre Skool deelneem. Die program vir hierdie dag is reeds versprei en die dag beloof om goeie rugby en netbal op te lewer. Neem asb. kennis dat die spelers wat met die bus gaan ry reeds om 05:30 by die swembadhek moet aanmeld.

Baie sterkte aan die Voortrekkers met hul gebiedskamp wat die naweek by Retief kampterrein plaasvind.

Vandag ontvang die Gr. 4-7 leerders hul toetswerk met die oog op die toetsweek wat op 7 Mei begin. Die toetsrooster het reeds verlede week in die weekblad verskyn. Maak asb. seker dat u kind deeglik voorberei vir elke toets wat geskryf word.

Die 1ste Mei is werkersdag en vakansiedag. Op hierdie dag neem Tjokkies se twee kore deel aan NG Kerk Pellissier se Gesinsfees. Dit dien as voorbereiding vir die ATKV Applous-kompetisie wat op 20 Mei plaasvind.

**Woord van dank**

Baie dankie aan die ouers van die musiekleerders wat fondse ingesamel het en daarmee 'n mooi bankie en plante gekoop het ter nagedagtenis aan juf. Retha van der Merwe.

Hierdie spesiale hoekie is geskep by die ouditorium en is beskikbaar vir leerders wat na haar verlang.

Dis 'n baie mooi gebaar. My opregte dank aan Pieter en Carol Viviers wat hierdie projek bestuur het.

Mnr. Nicol Klopper sluit vanaf 2 Mei by die Musiekdepartement aan waar hy die kitaarlesse sal hervat.

# ANDER

**KENNISGEWING:**

**Ek het deur die week navrae ontvang van ouers oor die *"Gesinsaand saam Jesus"* aangebied deur Israel Taylor. Die geleentheid sou in Tjokkies se skoolsaal plaasvind. Die skool sou egter nooit hierdie funksie aanbied nie en het bloot die skoolsaal daarvoor beskikbaar gestel. Dit is 'n privaat geleentheid en die skool is geensins betrokke nie.**

**Om verwarring uit te skakel, is die geleentheid verskuif na Toscana Estate te Outeniqualaan 86 in Spitskop.**

**Datum: 30 April 2024**


**Tyd: 18:00**

**Gesinne wat dit graag wil bywoon, is welkom. Navrae: Katinka 082 3196 137**

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 26-28 April: | Voortrekker gebiedskamp |
| 27 April: | Rugby/Netbal vs Trio Primêre Skool |
| 29 April: | Rugbyliga vs Grey A (weg) |
| 30 April: | Skaakliga |
| | VS Netbalproewe (Welkom) |
| | Veiligheidsvergadering |
| 1 Mei: | Werkersdag – Kore tree op |
| 2 Mei: | Rugby/Netballiga vs PBS (weg) |

# VERJAARSDAE




Die Kaalvoetkafee se personeel verjaar almal in Mei-maand. Op Vrydag, 3 Mei hou hul 'n spesiale verjaarsdag tydens pouse om dit te vier. Ondersteun hul asb.

# #TJOKKIESHOP / KLEREBANK

**Die weeklikse tye van die #Tjokkieshop / klerebank is as volg:**

| | |
|---|---|
| Maandae en Vrydae | 12:30 – 14:00 |
| Woensdae | 07:30 – 8:30 |

# VAN DIE MAMMAS WAT BID



1 KONINGS 19:11-13 AFR83
[11] Maar die Here sê vir hom: “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan.”  Skielik was daar ‘n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar ‘n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. [12] Na die aardbewing was daar 'n vuur.  Maar in die vuur was die Here nie.  En na die vuur was daar ‘n fluistering in die windstilte. [13] Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan.  Toe hoor hy ‘n stem wat vir hom sê:  “Wat maak jy hier, Elia?”

https://bible.com/bible/6/1ki.19.11-13.AFR83

Ek het eendag ‘n preek oor hierdie gedeelte gehoor wat my steeds bybly.

Soveel keer in ons lewens verwag ons dat die Here groot dinge in ons lewens moet doen of voorsien. Wanneer dit nie gebeur nie, dink ons dat die Here ver is of selfs weg is. Die Here is egter nie gekoppel aan ons gevoelens en omstandighede nie. Hy bly gister, vandag en môre dieselfde.  Wanneer ons dan rustig raak, ophou soek na die groot dinge en luister vir die fluistering van Sy stem, kom ons tot die besef Hy was nog die hele tyd daar!  Dan kan ons tyd in Sy teenwoordigheid geniet en waardeer. Wat ‘n groot voorreg.

Maak tyd oor die naweek om rustig te raak in ons Hemelse Vader se teenwoordigheid en die fluistering van Sy stem in jou hart te voel en te beleef.

Gebed:  Here, ek kom raak stil.  Maak my hart bewus van U nabyheid en mag ek U fluistering hoor en beleef.  Amen.

## KUNSWEDSTRYD

Kunswedstryd 2024

Tjokkies spog die jaar met 130 leerders wat aan die Kunswedstryd gaan deelneem. Die voordrag- en toneelweek vind 6-11 Mei 2024 plaas.

Alle afrigting vind gedurende skooltyd plaas.

Inligting sal volg oor die spesifieke dae en tye wanneer die deelnemers gaan optree.

Die lokaal is by Brandwag Primêre Skool.

♡Dankie aan elke onnie en ouer wat die ekstra myl stap ten spyte van ‘n vol kwartaal!

Vir enige navrae oor die kunswedstryd, kontak gerus vir Juffrou Nadine.

## KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

**Die Kaalvoetkafee se personeel verjaar almal saam in een maand**! Mochachos en die snoepietannies hou op 3 Mei een groot verjaardagpartytjie tydens langpouse. Bestel vir jou ‘n opregte Mochachos Mini Burrito (met slaptjippie) @ R35 en ‘n Twizza @ R9 op Karri se uitnodiging en staan ‘n kans om ‘n geluktrekkingspot los te slaan! Hierdie Burrito sal dan ook in die toekoms deel van ons Lunchhub se spyskaart wees saam met die Mochachos Junior Burger. Hulle ontwikkel spesiaal vir ons Tjokkies hierdie items en julle kan dit nie koop by Mochachos se tak nie.

Die Lunchhub is waar kinders en ouers hulle kos aanlyn kan bestel en sny af 24 uur vooruit. Dus moet julle die bestellings plaas ‘n dag voor die tyd. Kies en keur uit ons wegneemete of kosblik-afdelings vir ‘n lekker ete. Natuurlik is al die bederfies ook aanlyn beskikbaar. Let op as julle bestel of dit vir langpouse/kortpouse of na skool gelewer moet word. Onthou om vir die kinders te laat weet dat hulle dit wel afhaal. Kry dus vandag nog jou Kaalvoetkafeekoopkaart en word deel van die lekker eet!

# SNUFFELS


Langenhovenpark GEMEENTE
Kermis
1 Mei 2024
8:00 – 12:00
Kom geniet goeie vermaak en heerlike eetgoed
Gaskunstenaar Zak Steyn
Tjokkies Pom Poms


KUIER-AAND
MET
GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-SUID
DERRICH GARDNER EN DESIRE GARDNER
as MAGDA LOUW
Datum: 3 Mei 2024
Tyd: 18:00
Plek: Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid,
Hoek van Lilac- en Wildealslaan, Gardeniapark
Koste: R 250 per persoon (Sluit ligte ete in)
Vir besprekings kontak
Mariaan by 081 894 0115
* Hekke open reeds om 17:30 *

WWW?
WE WEAR WHAT?
lifestyle, fashion & motherhood
www.wewearwhat.co.za

# Bloem Skou • Show
## AROUND THE World
## 25 APRIL - 4 MAY 2024

SCAN ME!

For info, specials & menu's.



## Admission

NO PASSOUTS | TICKET SALES BY COMPUTICKET

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| R100<br>Adults | R50<br>Senior citizens (60+)<br>Students (student card)<br>Children (6-17 years) | FREE<br>Children (under 6 years)<br>*Complimentary McDonalds name armband available | FUN FAIR<br>UNLIMITED RIDES<br>@R300 on 29 April & 2 May | HALF PRICE<br>ADMISSION<br>on 29 April |

DOUBLE 24 TO 48 FUN FAIR
48 tokens @R600

R10 DISCOUNT
on admission excluding 29 April

FUN FAIR UNLIMITED RIDES
@R250 on 29 April & 2 May
R50 DISCOUNT

## Early Bird Specials

Available online until **17:00 on 24 April 2024**




# Kennisgewing

Dit is NIE ń skool aangeleentheid NIE
dit is oop vir enige gesin.

## Die Gesinsaand

saam met Israel Taylor

30 April om 17:30 vir 18:00 tot 20:00

**verskuif na**

Toskana Estate
Quteniqualaan 86
Spitskop
Ingang: Hek 1
Stop by die kerkie en beweeg
na die tuin area

Navrae: Kontak Katinka: 0823196137

PIC•COLLAGE